education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

MODEL 2007

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings, naamlik AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.

2. Skryf DRIE tekste:

   - Beantwoord EEN vraag uit AFDELING A: OPSTEL
   - Beantwoord EEN vraag uit AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS
   - Beantwoord EEN vraag uit AFDELING C: KORTER TEKS: TRANSAKSIONEEL/NASLAAN/INFORMATIEF

3. Begin elke skryfstuk/teks op 'n NUWE bladsy.

4. By elke vraag moet genoegsame bewyse van beplanning en redigering wees:

   4.1 Dui die beplanning aan as: BEPLANNING
   4.2 Dui die finale produk aan as: FINALE SKRYFSTUK/TEKS

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Dui die nommer en onderwerp van jou skryfstuk duidelik aan.

7. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

8. Punte word vir *beplanning*/*redigering*, *taal*/*styl* en *inhoud* toegeken.

9. Lees AL die vrae aandagtig deur en voer die opdragte noukeurig uit.

10. Skryf netjies en leesbaar met blou ink.

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

- Kies EEN onderwerp en skryf 200 – 250 woorde daaroor.
- Daar moet bewys van beplanning in jou antwoordeboek wees.
- Dui jou finale skryfstuk duidelik vir assessering aan.

1.1 VERHALENDE OPSTEL



[*Image Library*]

Die Suid-Afrikaanse Skrywersvereniging het 'n storiekompetisie vir hoërskool-leerders uitgeskryf. Jy wil graag daaraan deelneem. Die onderwerp van die storie waaroor die leerders moet skryf, is:

As die taxi nie gestop het nie, was my lewe nog dieselfde ...

Skryf 'n storie waarin hierdie sin op enige plek voorkom. Jou storie moet 'n titel hê. Die beste storie wen R2 000!

As jy vashaak, kan jy aan die volgende dink:

- Waarheen jy met 'n taxi op pad was
- Hoekom die taxi gestop het
- Wat gebeur het toe die taxi gestop het
- Hoe die gebeurtenis jou lewe beïnvloed het (50)

ÓF

1.2 **BESKRYWENDE OPSTEL**

[*Image Library*]

[*Image Library*]

In die Afrikaansklas het julle gepraat oor almal wat gehelp het om julle groot te maak en wat 'n bydrae tot julle lewe gemaak het. Dit was 'n interessante gesprek en julle het besluit om elkeen 'n opstel te skryf. Jy gaan 'n opstel skryf waarin jy vir jou maats vertel van 'n spesifieke persoon aan wie jy baie te danke het. Die onderwerp van die opstel is:

Dit wat ek vandag is, het ek te danke aan ...

As jy vashaak, kan jy aan die volgende dink:

- Wie die persoon is
- Wat die persoon alles vir jou gedoen het
- Hoe die persoon jou lewe beïnvloed hetHoe dankbaar jy teenoor hierdie persoon is (50)

ÓF

1.3 **BESPIEGELENDE OPSTEL**

Om 'n tiener te wees, is nie maklik nie.

Francois Bloemhof het 'n boek geskryf met die titel, '*nie vir kinders nie*'. Dit gaan oor al die versoekings wat tieners in die grootwordproses ervaar. Hierdie boek het jou daaraan laat dink dat dit nie maklik is om 'n tiener te wees nie. Vertel wat jy oor hierdie probleem dink.

[*Image Library*]

As jy vashaak, kan jy aan die volgende dink:

- Wat die lewe vir 'n tiener moeilik maak
- Hoekom die lewe vir 'n tiener moeilik is
- Wat gedoen kan word om die lewe vir 'n tiener makliker te maak (50)

ÓF

1.4 **ARGUMENTERENDE OPSTEL**

[*MS-Office Clipart*]

Vleilandprojekte is 'n goeie ding!!

Naby julle huis is 'n vleiland wat bewaar word. Ontwikkelaars wil nou huise daar bou. Jy is baie ontsteld daaroor.

Skryf nou die argumente wat jy sal gebruik as jy met hulle gaan praat oor hoekom jy dink die vleiland bewaar moet word, in opstelvorm neer.

As jy vashaak, kan jy aan die volgende dink:

- Wat 'n vleiland is
- Hoekom 'n vleiland bewaar moet word (die voëllewe, dierelewe, plantlewe)
- Hoe die vleiland bewaar moet word
- Wat gaan gebeur as huise in die vleiland gebou gaan word

(50)

ÓF

1.5 **BEREDENERENDE OPSTEL**

[*Image Library*]

TV-speletjies is gevaarlik

Jy en jou ouers verskil oor die waarde van TV-speletjies. Hulle sê dat navorsing al hoe meer toon dat TV-speletjies nie altyd goed vir kinders is nie. Jy verskil van hulle. Skryf die redes hoekom jy van hulle verskil, in opstelvorm neer.

As jy vashaak, kan jy aan die volgende dink:

- Stem jy saam met hierdie stelling?
- Hoekom jy met hierdie stelling saamstem/nie saamstem nie
- Die redes vir jou standpunt

(50)

ÓF

1.6 Kyk baie goed na die volgende prente. Kies EEN prent en skryf 'n verhalende, beskrywende of bespiegelende opstel daaroor.

1.6.1

[*Image Library*]

1.6.2

[*Image Library*]

1.6.3



[*Image Library*]

1.6.4

[*Image Library*] (50)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

- Kies EEN vraag en skryf 120 - 150 woorde oor die onderwerp.
- Daar moet bewys van beplanning in jou antwoordeboek wees.
- Dui jou finale skryfstuk duidelik vir assessering aan.

VRAAG 2

2.1 BRIEF AAN DIE PERS

Die volgende beriggie het in die koerant verskyn. Jy was baie kwaad daaroor en nou skryf jy 'n brief aan die koerant waarin jy jou mening oor diere-mishandeling gee.

Die inwoners van 'n woonbuurt in Johannesburg was gister baie kwaad toe 'n verwaarloosde perd in hulle omgewing rondgeloop het.

Hulle het onmiddellik die DBV gebel. Die DBV het die perd kom haal. 'n Veearts het die perd ondersoek en was geskok oor die slaanmerke op die dier se lyf, die toestand van sy hoewe en die feit dat die perd so maer is.

Een van die leiers van die gemeenskap het gesê dat hulle nou moeg, siek en sat vir al die verwaarloosde diere in hulle omgewing is. (30)

ÓF

2.2 HULDEBLYK

[*Image Library*]

'n Baie hartseer gebeurtenis het naby julle skool plaasgevind. Die Kwaito-orkes het by 'n ander skool gaan optree en op pad terug was die skoolbussie in 'n ongeluk betrokke. Die leier van die groep is in die ongeluk dood en jy moet by die begrafnis 'n huldeblyk lewer. Skryf hierdie huldeblyk neer.

As jy vashaak, kan jy aan die volgende dink:

- Wie die persoon was
- Die mooi karaktertrekke van die persoon
- Wat jy/julle by die persoon geleer het
- Hoekom jy/julle die persoon sal mis (30)

ÓF

2.3 **DIALOOG**

[*Image Library*]

Jy is Noleen van die program *3 Talk with Noleen* op SABC3 en jy moet 'n onderhoud met 'n bekende Suid-Afrikaanse sanger/sangeres voer. Skryf hierdie onderhoud in dialoogvorm neer. (30)

ÓF

2.4 **BROSJURE**



[*Image Library*]

Stel 'n brosjure saam, waarin jy 'n inkopiekompleks adverteer. Onthou dat jy punte kry vir die inhoud en NIE vir die uitleg (versiering) nie.

As jy vashaak, kan jy aan die volgende dink:

- Waar die plek geleë is
- Wat daar alles is
- Wat alles daar gedoen kan word (30)

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORTER TEKS: TRANSAKSIONEEL/NASAALN/INFORMATIEF

VRAAG 3

- Kies EEN vraag en skryf 80 – 100 woorde oor die onderwerp.
- Daar moet bewys van beplanning in jou antwoordeboek wees.
- Dui jou finale skryfstuk duidelik vir assessering aan.

3.1 **POSKAART**

Jy werk in die buiteland en het 'n wonderlike fliek oor 'n slimkop matriekseun wat skaam vir sy ouers en broers is, gesien. Hy doen aansoek by 'n universiteit, maar sy aansoek word afgekeur. Die fliek is pas in Suid-Afrika vrygestel en jy wil hê jou vriend(-in) moet daarna gaan kyk.

Stuur 'n poskaart aan jou vriend(-in) in Suid-Afrika waarin jy hom/haar van hierdie fliek vertel. (20)

ÓF

3.2 **INKOPIELYS EN ROETEKAART**

[*Image Library*]

Jou ma is baie besig en het jou gevra om gou inkopies vir haar te gaan doen. Jy moet ook die water- en elektrisiteitsrekening gaan betaal, die biblioteekboeke gaan omruil en by die apteek aangaan.

Beplan jou roete om by elkeen van die plekke uit te kom en sê ook wat jy by elkeen van hierdie plekke gaan doen/koop volgens die inkopielys. (20)

ÓF

3.1 **VRAELYS**

Elke leerder moet die volgende vorm vir Lewensoriëntering voltooi. Die vorm sal gebruik word om jou te help met 'n beroepskeuse wanneer jou opvoeder jou vir 'n onderhoud neem.

Teken die vorm op die volgende bladsy in jou antwoordeboek oor en voltooi dit:

NAAM: _____

GRAAD: _____

1. SKOOLVAKKE:

1.1 Van watter vakke hou jy die meeste? _____

1.2 Gee 'n rede/redes waarom jy van hierdie vak/vakke hou.

_____

_____

2. BELANGSTELLINGS:

2.1 Spesifieke stokperdjie(s): _____

Watter waarde het hierdie stokperdjie(s) vir jou?

_____

_____

2.2 Sport/Ontspanning: _____

Hoe het hierdie sport/ontspanning jou as mens ontwikkel?

_____

_____

2.3 Sosiale belangstelling(s): _____

Wat het jy uit jou kontak met ander mense geleer?

_____

_____

3. PERSOONLIKHEID:

3.1 Jou positiewe eienskappe: _____

3.2 Jou negatiewe eienskappe: _____

3.3 Hoe sien jou vriende/vriendinne jou? _____

(20)

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou